VOORBIDDING:

Wêreld: China, Hong Kong en Macau. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

RSA & Dorp: Regering en regerende instansies - kabinet, provinsiale regering, stadsraad, gemeenskapsleiers & meningvormers. Die aanslag op die tesourie. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en –geaffekteerdes. Reën & omsigtige waterverbruik.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Leon Fouché wat herstel ná 'n skoueroperasie.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat op Sondae in die vakansie verjaar:

2 April: Hettie Buys (La Clémence), Isela Coetzee (Tortelduif), Jacques Esterhuizen (Rokewood), Nicole Kriel (Dorpsig), Olivia Krüger (Hendrikboom), Marina Smuts (12 de Slot), Phillip Steenkamp (Saffraan), Suzette Stiglingh (Maria Lievens), Mignon van der Merwe (Binnekring), Elmarie van Niekerk (Longifolia) en Joyce West (Barry).

9 April: Riana Brink (Welgevallen), Robert Kotze (Piet Retief) en Juané Odendaal (Brandwacht).

16 April: Eduard Delport (Coronata), Renier Hattingh (Dennerand), Hoffie Hoffmann (Dennerand), Gerhard Kotze (Lovell), Johan Theron (Fleur du Mont), Laverne Vermeulen (Speciosa) en Marize Viljoen (Lovell).

BREADTAGS for wheelchairs

As deel van 'n nuwe projek van die Barmhartigheidsaksie gaan ons gemeente ook by "Breadtags for Wheelchairs" betrokke raak. Kyk uit vir die boks langs die houtkiste in die vierkant waar jy die broodsakkies se plastiekknypers kan ingooi. Harde plastiekdoppies van koeldrank-bottels, langlewemelk– of sapboksies en joghurtboksies is ook welkom.

In Christus het die aarde opgestaan. In Hom het die hemel opgestaan. In Hom het die wêreld opgestaan.
Ambrosius

Lydenstyd - is 'n tyd van treur. Ons treur oor onsself, oor die kerk, oor die land en oor die wêreld. Ons sukkel om reg onder alle omstandighede te doen, daar is nood om ons waarmee ons nie raad het nie, mense word uitgesluit of benadeel vanweë verskillende redes [kleur, geslag, seksuele oriëntasie, ouderdom], daar is teistering en geweld teen weerloses [vroue, kinders, vreemdelinge], daar is selfverryking in plaas van diens by leiers. Wanneer ons treur voor God gaan sit ons nie op 'n hopie nie, maar staan ook op om met 'n nuwe toewyding aan God sy eer te soek en mense as beelddraers van God te respekteer. By As-Woensdag se Wydingsdiens [en by die Lydensmeditasie] was daar geleentheid om 'n as-kruis op die voorkop of hand te maak as teken van treur en toewyding … of in die woorde van die Reformasie n.a.v Luther se eerste van die 95 stellinge – berou en bekering. Die as is, soos die afgelope jare reeds, die hele Lydenstyd voor in die kerk. Enigeen wat wil, kan voor of na 'n erediens [of tydens die dankofferopname] vorentoe kom om 'n as-kruis op die voorkop of hand te maak … dis 'n teken van treur en toewyding.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Paasvakansie

2 tot 16 April 2017

2 April (5de Sondag in Lydenstyd): Monty Sahd

Tema: Verraad en/of liefde? Judas en Jesus! & Teks: Matteus 26: 20-25, 47-50; 27:1-10

9 April (6de Sondag in Lydenstyd): Leon Cronje

Tema: Prys hom wat kom in die Naam van die Here. & Teks: Psalm 118: 1-2, 19-29

14 April (Goeie Vrydag): Leon Cronje

Tema: Vrye toegang om saam voor God te wees. & Teks: Hebreërs 10: 16-25

16 April (Paasfees): Leon Cronje

Tema: Ons lewe is saam met Christus verborge in God. & Teks: Kolossense 3: 1-4

Theunis antwoord op beroeping

Hiermee word bekendgemaak dat Theunis Botha die benoeming as Predikant in Sinodale Diens met opdrag: Predikantebegeleiding aangeneem het. Hy sal vanaf 1 Junie 2017 die pos voltyds beklee.

Tydens die erediens op Sondag 28 Mei 2017 sal demissie aan hom verleen word en sal die gemeente afskeid neem van hom en Lizette.

Baie, baie dankie!

Baie dankie aan lidmate wat gereageer het op die versoek van die Gevangenisbediening vir 'n klerekas wat gebruik kan word vir die stoor van klere vir Christen gevangenes wat vrygelaat word. Dit word opreg waardeer!

Baie dankie ook vir die lidmate wat gereageer het op die versoeke van die Behoeftige Studente Bediening om kombuisware vir Andisiwe Mkwali na die kerkkantoor te bring. Sy is baie dankbaar! Indien jy nog eetgerei en ander kombuisware het om te skenk, kan jy dit gedurende kantoorure na die kerkkantoor bring.

PROGRAM VIR PAASTYD: Maandag 3/4 tot Sondag 23/4

Ma 3/4		Laaste dag vir doopaanmelding vir Mei.
Vr 7/4	19:30	**Universiteitsvakansie** **Uitvoering van die Markuspassie** (in ons kerk). Vir meer inligting, kontak Antoinette Blyth by 079 476 5137 of enquiries@mucavi.com.
So 9/4	09:30	**Erediens (Palmsondag):** Leon Cronje
Ma 10/4		**Groot Lydensweek** (tot Do 13/4)
Vr 14/4	08:00 09:30	**Goeie Vrydag** **Meditatiewe Nagmaal:** Leon Cronje **Erediens en Nagmaal:** Leon Cronje
Sa 15/4		**Stil Saterdag**
So 16/4	09:30	**Paasfees** **Erediens:** Leon Cronje
Ma 17/4		**Gesinsdag**
Di 18/4		**Skole en Universiteit begin**
Wo 19/4	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00 **MARKDAG** 18:45	**Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom. **Teetuin.** Kom drink of eet iets lekker hier by ons eie restaurant. Groepbesprekings ook welkom sowel as wegneemete-bestellings. Kontakpersone: Jeanetta Strydom by 021 887 1954 / 082 416 2792 of Bettie du Plessis by 021 887 1515. **Bybelstudie vir huishulpe:** Mientjie Uys 021 886 4320 / Annaleen Steytler 021 887 3804 / 082 346 8200.
Do 20/4	09:00 - 12:00	**Naaldwerkgroep:** Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy saam wil kom werk aan al die projekte wat hulle aanpak.
So 23/4	09:30 09:30 18:00	**Erediens:** Leon Fouché **(Graad 1 Sondag)** Junior Kategese en kleuterkerk Tienerbediening

Jaartema:Dissipels is begenadig en genadig.

PASTORALE VERSORGING

Lidmate wat 'n leraar nodig het, skakel enige leraar of die kerkkantoor by 021 886 5975 of Monty Sahd by 021 887 1616 / 083 449 246 (spesifiek vir huisbesoek).

Die spreekkamer van Theunis Botha voorsien gespesialiseerde pastorale hulp.
Skakel 082 896 2089.

Skenkings vir Voedingsaksie

Enige bydraes van brode, smere, ingemaakte vleis / vis, mayonnaise asook eiers, vrugte, groente, gevriesde sop, sopmengsels, soja en geurmiddels, pasta, ingemaakte tamatie– en uiemengsel, mieliemeel, samp en bone, rys, koffie, tee, suiker en langlewe melk sal baie help met die voeding van duisende honger mense in Stellenbosch.
Bydraes kan deur die week soggens by die kerkkantoor afgelaai word, en Sondae by die deure geplaas word.

Bless a Baby-projek op soek na 'n stoortjie

Die organiseerders van hierdie kerkprojek wat honderde behoeftige ma's van gevulde sakke met babaprodukte voorsien, is op soek na 'n gratis stoortjie in Stellenbosch waar hulle produkte en sakke kan hou, en vanwaar hulle 'n paar uur per week administrasie rondom die sakke kan uitvoer.
Indien jy kan help of raadgee, laat weet die kerkkantoor of stuur 'n e-pos na ons gemeenteverteenwoordiger by die Paarl Hospitaal se premature baba eenheid, Mary Conradie by mary@tfdesign.co.za.

GELOOFSGROEI

Geloofsgroei hervat weer op Woensdag 19 April om 09:00 & 19:00. Die tema vir die tweede kwartaal is: **"Oor Engele en Duiwels – 'n hermeneutiese perspektief op hoe ons die Bybel lees."**

Engele en duiwels verskyn en verdwyn in die Bybel - soms is hulle meer prominent en soms glad nie in tel nie. En dan is daar mense wat meer van engele en duiwels weet as van die Een oor Wie die Bybel gaan, naamlik Jesus van Nasaret. In die tweede kwartaal kyk ons na hierdie verskynsel … en dit is sommer terselfdertyd 'n goeie oefening in hoe 'n mens die Bybel verstaan, watter sake 'n rol speel, en hoe ons dit minder of meer verantwoordelik kan doen. Almal is welkom, jy val in en uit soos dit jou pas.

Aanbieder: Leon Fouché.

Lydenstyd-installasie

Vir inligting oor die simboliek van die installasie voor in die kerk, neem die blou beskrywingspamflet op die inligtingstafel in die leeskamer of by die deure.

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word.

Die deurkollekte verlede week aan die Instituut vir Blindes was R2 633.

BAIE DANKIE!!

Die deurkollektes vir die res van die vakansie is as volg:

2 April: Stellenbosch Welgelegen Gemeente Noodfonds. Hierdie fonds word aangewend vir gemeentelede wat onder kritieke geldelike nood verkeer. Die fonds word deur die gemeente se adminkomitee bestuur.

9 April: Straatlig Hierdie organisasie bied hulp, ondersteuning en bemagtiging aan werkloses en straatmense, asook weerlose kinders. Programme word aangebied (o.a. vir kinders) en praktiese hulp gegee. Straatlig word bestuur deur Moederkerk maar ons gemeente ondersteun die projek waar ons kan. Straatlig 021 883 3458 of 084 547 1143 of info@straatlig.org.

16 April: Alta du Toit Nasorg Dié sentrum maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele opleidings– en ontwikkelingsprogramme. Toegewyde personeel sorg dat die sentrum 'n veilige tuiste is om in te woon en te werk. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer en dra ongelooflik by tot die volhoubaarheid van die sentrum. Meer inligting by www.altasorg.co.za or stuur 'n e-pos na admin@altadutoit.org.za.

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)